# Huis Eikelaan

**DIE EIKELAAN LIEFDADIGHEIDSBEHUISINGSTRUST**

*Versorgingsprojek vir bejaardes onder voogdyskap van die Gereformeerde Kerke in Potchefstroom*

Fondsinsamelingsnommer: 002-075 NPO



| | | | | |
|---|---|---|---|---|
| **Raad van trustees:** | **N J Spaumer (Voorsitter), J van Dijk (Vise-voorsitter), J. Fraser, mev. E. Van der Walt,** | | | |
| | **P.C. Viviers, S.J. Steyn, O.J. Buys, W Vogel & F van Wyk** | | | **Bestuurder: P.J. Schutte** |
| TELEFOON: | (018) 293-0117/8 | PETER MOKABALAAN 73 | POSBUS 509 | POTCHEFSTROOM 2520 |
| FAKS : | (018) 297-8014 | E-POS: huiseikelaan@gmail.com | | webtuiste: www.huiseikelaan.co.za |



## *Huis Eikelaan Behuisingstrust bied die volgende:*

Vrygesel tot twee-slaapkamer selfsorgeenhede – selfversorgende bejaardes vanaf 60 jarige ouderdom kwalifiseer. Selfversorgend behels dat die aansoeker nog fisiek in staat moet wees om:

1. medikasie self korrek te hanteer volgens doktersvoorskrifte;
2. nog self te kan stort, skoon aantrek, persoonlike higiëne en versorging moet dus op standaard wees;
3. oor die algemeen nog ’n huishouding waar te neem, met ander woorde self skottelgoed te was, ligte maaltye voor te berei, wasgoed te versorg, na wassery te gaan en behoorlike toesig en kontrole oor skoonmaker uit te oefen;
4. waar moontlik deel te neem aan die aktiwiteite op die terrein;
5. eie inkopies en banksake te kan doen waar nodig, of met die hulp van familie;
6. afsprake na haarkappers, dokters ens te maak en na te kom;
7. sonder daaglikse hulp van iemand in die wooneenheid oor die weg kan kom.

’n Aansoeker sal deur ’n paneel van Huis Eikelaan geëvalueer word om so vas te stel of ’n persoon aan die vereistes voldoen. Die paneel bestaan uit die bestuurder, geregistreerde verpleegkundige, maatskaplike werker en huismoeder.

Die volgende dienste is beskikbaar:

1. **Behuisingsdienste**:
   a. Skoonmaak van die woonstel 2 x per week. Diensbeurte wissel na gelang van die grootte van die wooneenheid (2.25 – 4 ure per week). ’n Lys van take word voorsien.
   b. Geen privaat werkers of versorgers word op die terrein toegelaat nie.
   c. Wasgoed word 1 x per week afgehaal, gewas, gestryk en weer afgelewer. Alle wasgoed moet duidelik gemerk wees met die woonstelno.
   d. Grasperke word gesny. Inwoners is welkom om nog self hul tuine te versorg.
   e. Elke wooneenheid is toegerus met ’n interkom wat direk skakel met die kantoor of na-ure met die versorgingseenheid in geval van nood.

2. **Etes**. Elke wooneenheid is toegerus met ’n stoof en bejaardes kan self maaltye voorberei, alhoewel ons aanbeveel dat inwoners ten minste 1 – 3 x per week in die eetsaal eet. Die Dienssentrum vir Bejaardes hanteer etes in die eetsaal. Op bladsy 14 van die gids is al die inligting ten aansien hiervan. In die geval van nood of siekte sal middagetes na die woonstel geneem kan word, maar 'n fooi word hiervoor gehef.
3. **Kliniekdienste:** Waar akute of chroniese toestande bv bloeddruk, diabetes ens. ontstaan of bestaan is ’n kliniekdiens beskikbaar (eerste fase mediese diens). Dit behels die volgende:
    a. Bloeddrukmeting 2 x per week;
    b. Voeteversorging volgens afsprake;
    c. Persoonlike konsultasies / voorligting t.o.v mediese toestande, medikasies ens.;
    d. Inspuitings en ander algemene mediese sorg soos behoeftes ontstaan;
    e. In geval van 'n noodsituasie in die wooneenheid is daar 24 uur verpleegpersoneel (bedags in die kliniek en na-ure in die versorgingseenheid) aan diens om sodanige gevalle te hanteer;
    f. Waar nodig kan die kliniekpersoneel ook daaglikse medikasiehantering asook tydelike hulp met stort en aantrek bied teen ’n vasgestelde fooi;
    g. Gereelde mediese evaluering.
4. **Maatskaplike diens**: ’n Maatskaplike werker is soggens beskikbaar vir maatskaplike probleme.
5. **Vervoer**: vervoer is beskikbaar 2 x per week na inkopiesentrums en waar nodig volgens afsprake na dokters en hospitale. 'n Fooi is hiervoor betaalbaar. ’n Snoepwinkel, haarkapper en biblioteek is beskikbaar op die terrein. Verskillende aktiwiteite word aangebied bv. mini-gholf, pool, funksies ens.
6. Eredienste word elke Sondag in die kapel gehou asook weeklikse Bybelstudie.
7. Fakture vir heffings en huur word aan die einde van die maand aan inwoners gegee en die verskuldigde bedrag word per debietorder verhaal op die 7e van die daaropvolgende maand.
8. **Versorgingseenheid**: Aparte tariewe is hier geldig. Sien tariewelys. Inwoners kan tydelik geakkommodeer word vir rehabilitasie na operasies of tydens siektetoestande. In sulke gevalle sal die oornag of dag en nag tariewe geld. Aansoeke om toelating in die versorgingseenheid word by die Senior verpleegkundige gedoen en vir meer inligting in die verband kan met haar gekommunikeer word.